# MOONTLIKE ANTWOORDE VIR:

**AFRIKAANS EERSTE TAAL HG**
**(Tweede Vraestel : Letterkunde)**

101-1/2

---

## AFDELING A
### VRAAG 1

**TOE JY KIND WAS - NP van Wyk Louw**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Verduideliking volg van wat spreker as kind gedink het. / Dit verwys na dit wat die spreker as kind gedink het. | (1) |
| 1.2 | Dat hy tot die goeie en groot dinge van die lewe in staat is. (twee feite, twee punte) | (2) |
| 1.3. | natuurlik / sal (meer as een woord = foutief) | (1) |
| 1.4. | eenvoudig (en) boosheid / eenvoud (en) boosheid / verskriklikheid (en) boosheid | (2) |
| 1.5. | Net soos wat die gespikkelde sampioene giftig is, so boos is die mens. / albei is sleg | (1) |
| 1.6. | metafoor | (1) |
| 1.7. | peul | (1) |
| 1.8. | verwikkeld / gekompliseerd | (1) |
| | | **[10]** |

### VRAAG 2

Raak aan:
- beroep
- uitstyg bo huidige (haglike?) omstandighede
- gemeenskapswerk

Die kandidaat moet meld of dit nog moontlik is om die droom / drome te verwesenlik.
Holistiese bespreking is nodig. **[10]**

### VRAAG 3

**DIE HERE HET GASKOMMEL - Adam Small**

3.1. C (tevredenheid) (1)

3.2. Die Here het die lot van die Bruinmense / Kleurlinge met 'n dobbelsteentjie bepaal – God het nie 'n wilsbesluit geneem nie. / Suggestie van politieke bestel wat diskrimineer o.g.v. kleur. (dobbelsteentjie – gedagte is verpligtend.) (2)

3.3. Dit moet hom ongelukkig maak dat ander hom en sy mense beledig en oor hulle skinder. / diskriminasie (1)

3.4. Dit beklemtoon die twee eenvoudige, goedkoop items wat plesier aan die arme (Bruinman) verskaf. Versterk die liriese kwaliteit van die gedig / versterk die klankrykheid van die gedig. (2)

3.5. 'n oënskynlike traak-my-nie-agtige houding / vals bravade (1)

3.6. Belemtoon die aardse plesiertjies vir die Bruinman. (2)

3.7. minagting / traak-my-nie-agtigheid / uitdagend / opstandigheid (1)

3.8. Volgens die Bybel was Kain en Gam se kinders vervloek, net so voel die spreker (as Bruinman) vervloek. (een sin is verpligtend) (2)

3.9. vriend / maat (1)

3.10. Kaapstad / Wes-Kaap / Kaap (1)

3.11. Hy bedoel nie wat hy sê nie – alles is nie wel en aanvaarbaar nie. (1)
**[15]**

## VRAAG 4

## MET 'N BOSSIE BERGBLOMME

4.1.
- Berghelder kan lag
- hande kan klap (1)

4.2. Sy is moontlik t.o.v. beweeglikheid (ruimte) beperk / dui op gevangenskap. (2)

4.3. Beskryf die pers blomme as angeliere van die dwerge / verdere inligting (oor blomme). (1)

4.4. Dit verteenwoordig die vrou se ongelukkigheid / hartseer / slegte in die lewe. (1)

4.5. 4.5.1. die angeliere van die dwerge (1)
4.5.2. hulle geur net vir jou (1)

4.6. r. 14 – 15 : en as jy lank genoeg daarin kan kyk sal hulle nog dieper en vuriger blom. (1)

4.7. volop / baie soet goed / gevoel van intensiewe vorm (1)

4.8. Die blomme word vergelyk met die digter se skerp, opmerksame oog. (1)

4.9. Die vrou sal oor haar probleme / ongelukkigheid kan vlieg. (1)

4.10. onbereikbare dinge (1)

4.11. bevryding (1)

4.12.1. lelies / .......... (1)

4.12.2. Ek voel so rein en oop (vir my medemens) soos 'n wit lelie. (enige toepaslike antwoord) (1)

[15]

## VRAAG 5

## TREURSANG VIR VAN DER MERWE

5.1. Van der Merwe (bekende) teenoor onbekende se dood. (1)

5.2. A (morbied) (1)

5.3. Gee meer informasie oor die oorledene – beklemtoon dat dit nie 'n vriend/kennis is nie, maar 'n vreemdeling. (2)

5.4.1. alliterasie (1)

5.4.2. sluit aan by liggaamsbeweging van sterwende / klankrykheid. (1)

5.5. Dit beklemtoon dat die eerste persoonspreker aan die woord is / dra by tot progressie / beklemtoon die spreker se mening. (1)

5.6. "het die Ewigheid aanvaar in ruil vir hierdie tranedal..." (1)

5.7.
- Mense (familie) baklei oor boedel (erflatings)
- familie baklei oor bydraes vir kos; kis; ens.
- weduwees en familie treur nie so lank na die afsterwe nie.
- begrafnisse word nie as prioriteit beskou nie – nie almal (familie ingesluit) woon dit by nie. (2)

5.8. Ek merk
Ek hoop
Ek meen (moet al drie noem vir punt) (1)

5.9. Nag / Nameloosheid / Groot vergetelheid / Ewigheid (enigeen) (1)

5.10 om hom vaarwel toe te roep, hy so oud / so sat van jare, maar wat die Dood betref so jonk, so onervare:
OF
r. 14 en 15. (1)

5.11. Dit maak nie saak wie jy is nie – hoe belangrik jy in die lewe is nie; Almal is doodgewoon en moet sterf. (2

[15]

## VRAAG 6

## STAD IN DIE MIS

6.1. bang / bevrees / angs (1)

6.2. metafories (1)

6.3. lugbesoedeling / rookmis / rook / wolke (1)

6.4. Die bedreiging (van die stad) is rondom hom; hy kan nie daarvan ontsnap of wegkom nie. (2)

6.5. Wit impliseer lig / sigbaarheid, maar omdat die spreker nie deur die mis kan sien nie, ervaar hy duisternis. (2)

6.6. Die gewone stadsgeluide, bv. motors, uitgrawings, harde musiek, ens. (2)

6.7. Die mens word geleidelik a.g.v. sy kwesbaarheid, deur die stad ingesluk, totdat daar geen omdraaikans meer is nie. Uiteindelik is die mens slagoffer van die stad wanneer hy vir altyd in die greep van die (groot) stad is. / Die bedreiging word al hoe groter en in die proses word die mens die slagoffer. (2)

6.8.1. metafoor (1)

6.8.2. om my sluip 'n dier / sy oë bloedbelope / met sy hap sluit staal op staal / die kantelende rugmetaal / pilare-pote (vanaf r.3) (1)

6.9. en met sy hap sluit staal op staal / r.10 (1)

6.10. Ja. Onveilig, a.g.v. roof, moord, verkragting, ens.
Nee. Aangepas en aanvaar die stad soos dit is. (motivering tel hier) (1)

**[15]**

**TOTAAL VIR AFDELING A : [30]**

## AFDELING - DRAMA
## VRAAG 7

**DIE KEISER – Kontekstueel**

7.1. Hulle bedrieg nie die Keiser nou skielik nie, maar nog al die tyd. (1)

7.2. Verwys eintlik na vroeër periode / Dit beklemtoon die woord. (1)

7.3. Hy besef nou dat hy bedrieg word.
"Ek het my te lank op ander se oë verlaat." (r.5) (2)

7.4. Ja. As die Keiser self gaan kyk na sy volk, sal hy uiteindelik die waarheid sien en besef en nie meer in 'n droomwêreld leef nie. (2)

7.5. valse bravade / uitdagend / misleidend / skynheiligheid / arrogansie / domastrantheid (1)

7.6.
- Hy wil die Keiser mislei, hom laat glo alles is in orde
- Hy glo dat die Keiser nie sal gaan kyk nie. (2)

7.7. dui op huiwering / wag om gevra te word / word in die rede geval. (1)

7.8. Hy is kop in een mus met hulle. (1)

7.9. Hy wil nie hê hulle moet met hulle ander idees kom nie, want hy verteenwoordig nog die ou idees.

Hy het reeds 'n kostuum vir die Keiser laat maak. (1)

7.10. Die Keiser val Diplomaat in die rede. / dui op huiwering (1)

7.11.
- Status quo t.o.v. kleredrag vir Keiser gaan verander met die aanbod van 'n wonderkostuum.
- Hulle veroorsaak spanning en konflik tussen die res van die karakters. (2)
- Staatsgreep / wil Keiser se posisie oorneem.
- Dit lei tot die openbaarmaking van die ministers se bedrog. (1)

7.12.
- Wewer is styf en formeel X Tiengelieng is dartelend,informeel (houding) (2)
- Wewer het swaelstertpak en pluiskeil X sjoebroekie en bostuk van Tiengelieng (klere)
- Wewer is die leier X Tiegelieng is die werker (2)

7.13.1. Hy is die enigste een aan die Hof wat bereid is om die waarheid te aanskou./ Hy is eerlik. (1)

7.13.2. Hulle keer ook hulle gesigte weg van die volk wat in armoede leef. (1)

7.14. Kaal dui op die ontbloting van die waarheid / Wys op die slot van die drama / Simboliese barbarisme vir die hof / Wys vooruit na die reaksie van die hof t.o.v. volk se naaktheid. (1)

7.15. Hulle besef nie watter waarde klere (as simbool van verskansing) vir die Hof het nie. Dit is nie vir hulle vreemd nie. (1)

7.16. Die Keiser verskyn nakend voor sy volk. (1)

7.17. Die leuen. (1)

7.18. hou nie van mooi lywe nie / haat naaktheid (1)

7.19.
- Maker van die wonderkostuum / Magiër
- Groen Tier en rebellieleier
- Grootkeiser van Utopia
- Aanspraakmaker op die Keiserskap van Ekwator (3)

**[30]**

## VRAAG 8
## PARAGRAAFTIPE

### DIE KEISER

**LW: Onderstaande dien slegs as riglyn.**

8.1. Keiser leef in droomwêreld. Glo onvoorwaardelik aan en in sy kabinet. As leier kyk hy nie self of sy bevele uitgevoer word nie. Bly oënskynlik blind en doof vir bedrog wat "voor" hom gepleeg word. Is dus eintlik 'n patetiese figuur, maar kom tot besinning wanneer hy besef wat met sy vader gebeur het.

Diplomaat is 'n bedrewe skelm, maar tog so subtiel dat hy byna dwarsdeur die drama sy rol kan speel en die hele situasie versigtig kan manipuleer. Hy is jonk, rebels en speel die ander ministers teen mekaar en die Keiser op, sodat die Keiser in hóm moet glo. Hy verraai sy volk en leier vir geld en is 'n swakkeling, 'n leuenaar wat nie skroom om sy doelwit te bereik nie.

Wewer is ook 'n groot skurk, 'n sg. idealis wat 'n staatsgreep bewerkstellig ter wille van mag. Hy manipuleer die situasie sodat hy die ministers as korrup en ellendig sal kan ontmasker. Hy misbruik die Keiser se kortsigtigheid en hoop om hierdeur, asook sy wonderkostuum, die Keiser as onbetaam vir sy pos uit te lig. Hy wil dus as bevryder en held gesien word, maar eintlik is hy besig met sy eie, korrupte politieke spel.

Maarskalk gee wel blyke van 'n gewetenswroeging, maar hy is totaal ingeneem deur korrupsie en bedrog aan die Keiser. Hy onderdruk die volk veral deur hulle nie van die basiese, nl. kos en klere, te voorsien nie en die volk kom dus in opstand hieroor. Ook dreig hy om veral die Nar fisies aan te rand, want lg. wil hom voor die Keiser ontmasker. Hy keur ook die kostuum goed, want hy's ook 'n swakkeling wat saam die Keiser bedrieg en wil laat onttroon.

Kultuur is net so skynheilig en korrup soos die ander ministers. Hy gee voor hy kyk na die volk, maar in werklikheid is dit net die teenoorgestelde. Hy is vir eers maklik omkoopbaar en steek ook die Keiser in die rug. (20)

8.2 Goud as motief spreek vanself: as 'n kosbare edelmetaal is dit 'n teken van welvaart en vooruitgang. Die negatiewe siening word effektief deur Nar se woorde verwoord: "Die land is vrot van die goud". Dit word dus simbool van korrupsie. Tog is dit uiteindelik die "goue kostuum" wat die waarheid ontbloot.

Keiser en sy twee ministers sien die klere as simbool van beskawing, 'n boswering teen dreigende barbarisme. Die "goue kostuum" sal die Keiser se status komplimenteer. Dit is dus eintlik meer 'n masker as 'n funksionaliteit. Klere se rol verwissel ook: Diplomaat dra vreemde klere in die buiteland; die bedrieërs wil die Keiser en –in se klere aantrek en die wonderkostuum is niks anders as 'n kaal bedogspul nie. (10)

[30]

**TOTAAL VIR AFDELING B: [30]**

## AFDELING C
## KONSTEKSTUEEL
## VRAAG 9

**BY FAKKELLIG**

9.1.1 Hy het homself uiteindelik by die lere en hul opstand teenoor die Engelse geskaar. (1)

9.1.2 Hy kom in opstand teenoor sy eie mense. (1)

9.2 David se familie (1)

9.3 verwarde (1)

9.4 Hy het van denklose / daadlose mens na denkende mens en uiteindelik na dader verander. (2)

9.5 Dit behou die leser se aandag en dit bou spanning. (2)

9.6 "Die lewe gaan aan, en dit wat voorlê, moet hy doen" (r.13) (1)

9.7 Wapens saam met die Iere opneem teen die Engelse (sy eie mense) (1)

9.8.1 Donker word simbool van onderdrukking en opstand, gekoppel aan die Iere. (1)

9.8.2 Die lig is simbool van die veilige pad / roete daargestel deur die Engelse. (1)

9.9 Liam se dood. (1)

**[13]**

9.10.1 In die tronk (1)

9.10.2 Hy het gewere vir die Iere gaan steel, 'n soldaat doodgeskiet en is gevang. (2)

9.11 sy tande vasbyt (1)

9.12.1 Die opstand gaan oor Godsdiens en die insident met ds. Burnwood veroorsaak groter finaliteit aan sy oorloop na die Iere. (2)

9.12.2 Alles is nou finaal vir hom verby – hy gaan sy lewe verloor. (1)

9.13 Sy eensaamheid was aanvanklik uit eie keuse, maar nadat hy met Alice en die Iere bevriend geraak het, het hy deel geword van iets wat hy nou weer verloor het – alle vriendskapsbande. (3)

9.14 Dit beklemtoon David as buitestaander. (1)

9.15 weemoed (1)

9.16.1 Hy sou sy medemens kon aanvaar vir wat hulle is en sy verantwoordelikheid teenoor hulle betoon. (2)

9.16.2 Sy innerlike vryheid gaan gepaard met uiterlike beperktheid – hy's gevonnis en wag op die dood. (2)

9.17
- Hy het nie misluk nie, want hy het ten minste probeer.
- Hy het misluk, want hy gaan nou sterf en al die ander is ook gevang of geskiet.

(1)

**[30]**

# VRAAG 10
## PARAGRAAFTIPE

**BY FAKKELLIG**

10.1 <u>Seisoene</u>

Die spel van lig en donker kom die duidelikste na vore in die seisoenveranderinge. Lentetyd is die tyd van helderheid, groei, lig – prosesse wat saamval met die geestelike groei van die hoofkarakter. Met Alice as gids, beweeg hy uit sy verdonkerte isolasie en eensaamheid en word gaandeweg bewus van die kontras tussen herlewing en vernuwing in die natuur, teenoor die verwaarlosing en agteruitgang van die mense wat dit bevolk.

Gedurende hierdie tyd val die fokus veral op harmonie: die sonskyn, groen omgewing, saans die helder kerslig as simbool van feestelikheid: die lang, ligte aande, die stilte en rus wat daar heers, val saam met 'n nuutgevonde gevoel van vreugde en samesyn wat David ondervind. Hierdie gemeensaamheid verdryf sy eensaamheid. Tog bly David nog heeltemal afsydig teenoor die Iere wat in die halfduister van hul hutjies sinnebeeldig word van die mense van die nag.

Die somer staan steeds in die teken van die lig – selfs die aande is lig. Die somerwolke wat wye skadu's bring, bring ook die verwydering tussen Alice en David wanneer dit bekend raak dat sy 'n kind verwag. David verval weer in die ou groef van sosiale onttrekking en die aangewesenheid op die self. Dan begin die helder kleure van die somer te wyk voor die verdonkering van die herfs. Nie meer is daar die aktiewe, uitwaartse leef nie, maal al hoe meer 'n inwaartse beweging tot die passiewe binneruimte. David se terugval in sy staat van eensaamheid en denke, val saam met die skadu's en stil donkerte buite.

Wanneer die winter begin, is dit vure wat die helder lig van die somer vervang en die donker nagte lig maak. Nou word die kerslig 'n beweringsimbool – al die vertrekke is vol brandende kerse om nou die gevaarlike, onheilspellende nag te verdryf. Gedurende hierdie tyd word sir Thomas Walsingham in die duister vermoor en moet troepe met behulp van lanterns die booswigte in die boerehutte gaan soek.

Die uiterlike konflik tussen die twee groepe staan vanaf hierdie gebeurlikheid in die teken van die kleurspanning, lig: donker. Die sluipmoord het verdonkering gebring: "Die donker kruip oor die grasvelde, deur die bome van die parke: donker omsluit hulle en sluit hulle af. Wie weet wat nader sluip in die duister?" (p. 62) Hierdie verdonkeringsproses vind ook plaas op Donore: die helder glans van vervloë dae het in dofheid en verwaarlosing verval, die dae kil en troosteloos.

Ook David beweeg nou teen die agtergrond van donker en koue. Die dood van O'Maille wat ook in die donker plaasvind, bring David ironies terug in die geheimsinnige wêreld van die nag en die Iere. **(15)**

10.2 Alice se koms na die plaas betrek David by haar bedrywighede. Hy raak toenemend by haar betrokke. Sy leer hom om van sy eensaamheid weg te groei en ander as mense raak te sien, verval in hulp met pagters. Alice is verantwoordelik vir David se soeke na sin in die lewe en sy vriendskap met Liam en Deamas. Aan einde van verhaal ontken sy betrokkenheid by David se veranderde sienswyse en is meer bekommerd oor die skande wat hy oor die familie gebring het.

Liam O'Neill, 'n rebel, kies David as vriend en laat toe dat David meer van hulle bedrywighede leer ken. David word met Liam se dood innerlik gedwing tot 'n besluit om na lere oor te loop. Sy daad skei hom van sy familie en veroorsaak sy dood. Hy voel egter dat hy reg doen.

Seámas Bán beïnvloed David intellektueel – laat David meer denkend word. (10)

10.3 Die tema is tweeledig: Eerste Tema: daar is die enkeling (die "buitestaander") soektog na die sin van die bestaan, sy plig om sy eie vryheid en verantwoordelikheid te aanvaar en die eensaamheid wat daarmee gepaard gaan.

2de Tema: (globaal)
Die reg van elke mens om as "denkende, voélende wese", as iemand met 'n siel, met verstand, met waardigheid behandel te word. By Fakkellig (Middernag Mis) herken David nie die lere soos hy hulle altyd gesien het nie, hulle het nou "waardigheid" en 'n "onpersoonlike skoonheid". Hy besef dat alle mense waardigheid en skoonheid besit. Hy sien hulle dus nou in 'n ander lig (die Fakkellig). (5)

## VRAAG 11
## KONTEKSTUEEL

**FIELA SE KIND**

11.1 – Ja hy is, want hy was gelukkig by haar en het oorvloed sorg en liefde ervaar/beleef.
– Nee. Hy's wit en sy is Bruin... (1)

11.2 Barta moes uiteindelik erken dat hy nie haar kind is nie en gelei was om hom as haar kind uit te ken. (2)

11.3 Hy's nou 'n paar ekstra hande wat sal kan help balke maak – beteken meer geld.

11.4 Nee. Elke keer het Elias gesorg dat die magistraat 'n verdraaide weergawe van Benjamin se welstand kry. (2)

11.5 Woede (1)

11.6 Hy wil aan die magistraat sê dat hy goed versorg en gelukkig is. (1)

11.7.1 Hy het dit in sy broeksak gehou as simbool van 'n band wat hom aan Fiela gebind het. (1)

11.7.2 Benjamin se lewe het 'n sirkel voltooi. Hy kom uit by Fiela, die vrou van wie hy teen sy sin weggeneem is. (2)

11.8 Desperaat (1)
[13]

11.9 Hy kan nie verstaan waarom hy op sy suster, Nina, verlief geraak het nie en dit het hom gedwing om die waarheid oor sy identiteit te probeer uitvind. (2)

11.10 Die moontlikheid van dit wat hy vir Nina voel, het tot hom deurgedring en hom geskok. (1)

11.11 – Sy wou nie wegbly nie.
– Soos 'n kind wat tevrede is. (2)

11.12 Sy het die moederfiguur in Nina se lewe geword (wat sy nooit geken het nie). Sy het die goed in Nina raakgesien en dit probeer ontwikkel – sy wou van haar 'n jong dame maak. (1)

11.13.1 Die see
11.13.2 – Hy was nooit gelukkig in die Bos nie.
– Hy kon Elias en Bertha nooit werklik as ouers aanvaar het nie. (2)

11.14 Albei is ongetem en onaangeraak in skoonheid.

11.15 Dit was haar toevlugsoord uit die benoude kamertjie waarin die gesin gebly het. (1)

11.16 Deur haar oë het hy aangepas by sy nuwe omgewing, die Bos, en dit leer liefkry. (2)

11.17 Dinge tussen haar en Lukas het onherroeplik verander. Die verlede (bosbekoring) is vir haar verlore. (1)

11.18 Ja. Hy moes sy ware identiteit ontdek en met 'n geruste hart met Nina trou. Nee. Die spanning en misterie rondom Benjamin maak hom 'n romantiese figuur. (2)
[17]

[30]

## VRAAG 12
## PARAGRAAFTIPE

12.1 Elias van Rooyen is in alle opsigte die teenpool vir Fiela. Terwyl daar in Fiela 'n liefde, 'n sterkte en 'n mag skuil waarmee sy haar familie rig en aan die gang hou, is Elias in werklikheid 'n swakkeling wat met gewelddadige optrede mense na sy wil probeer buig. Fiela tree met wysheid en geduld op, in teenstelling met Elias se driftige optrede.

- Fiela het alles feil vir haar kinders, en veral vir Benjamin. Sy stel Benjamin se opvoeding en toekoms eerste. Elias, daarenteen, koester nòg vir sy ander kinders, nòg vir Benjamin enige grootse toekomsideale. Hy sien byvoorbeeld vir Benjamin slegs as 'n ekstra hand op die balke en Nina is alleenlik belangrik vir sover sy geld inbring.

Teenoor Fiela met haar fyn aanvoeling vir haar mense se emosies staan Elias as 'n mens met weinig insig in 'n ander se begeertes en behoeftes. Hy verstaan glad nie Nina se liefde vir die Bos nie en het weinig begrip vir Lukas se gevoelens tydens sy traumatiese aanpassings by sy nuwe omgewing.

In teenstelling met Fiela se onselfsugtige en onbaatsugtige ideale het Elias slegs ideale sover dit homself betref. Sy groot versugting is om ryk te word sonder dat hy homself hoef dood te werk. Terwyl Fiela met fluksheid en harde werk vooruit boer, probeer Elias om sy rykdom langs die maklikste weg te bekom. Telkens loop dinge egter vir hom so skeef dat hy die slagoffer van sy planne word, soos byvoorbeeld die geval was met die vanggat wat hy vir die olifante gegrawe het.

Fiela was 'n trotse mens wat nooit gaan lê nie, al was haar probleme hoe groot. In plaas daarvan om die verantwoordelikheid vir sy dade op homself te neem, probeer Elias homself voortdurend verontskuldig en hy verval in 'n staat van selfbejammering. Hy gaan lê maklik. Sy vrees vir die olifante is byvoorbeeld so groot dat hy later alle rede verloor en daardeur ook beheer oor homself en oor sy familie verloor. Anders as Fiela kan hy nie weer opstaan nadat hy gaan lê het nie en steun al sterker op ander se hulp.

Elias bind ook nie sy familie saam nie. Met sy onredelikheid, drif en selfsugtige eise dryf hy vir Lukas en Nina van die huis af weg.

Fiela se innerlike sterkte en onbaatsugtige liefde ontbreek by Elias. Daarom is daar, wanneer sy wêreld in duie stort, en hy fisies afgetakel is, net bitterheid en wrok in hom oor. **(10)**

12.2 Die ruimte is veral funksioneel ten opsigte van Benjamin. Hy staan in drie ruimtes wat ingrypend op sy lewe inwerk: Lange Kloof, die Bos en die see. Uit die verhouding tot sy tydruimtelike omgewing spruit die keuse/nie keuse situasie waarin hy hom bevind. In en teenoor die Lange Kloof en die Bos staan hy magteloos. By die see het hy wel 'n keuse.

As twaalfjarige kind word hy, sonder dat hy 'n keuse het, uit die vertroude ruimte van Lange Kloof waarin hy grootgeword het, geruk. Hierdeur verloor hy die rustigheid, sekuriteit en liefde waarmee sy gesinslede en veral Fiela, hom omring het. Dit is eers wanneer hy 'n volwasse man is dat hy na die ruimte kan terugkeer. Deur al die jare het dit egter vir hom sy tuiste gebly, want hy sê aan Fiela: "Die dag toe ek teruggekom het, het ek geweet ek is weer by die huis" (p. 274). Wanneer hy dit die tweede keer verlaat is dit uit vrye wil: eerstens omdat hy by Barta van Rooyen die waarheid omtrent homself wou gaan uitvind en tweedens omdat sy liefde vir Nina hom na die see laat terugkeer het. Dit is egter die ruimte waarheen hy, nie as Lukas nie, maar as Benjamin Komoetie, terugkeer. Dit is die ruimte waarin sy toekoms lê.

Sonder dat hy 'n keuse het, word hy aan die tweede geografiese ruimte, die Knysnabos uitgelewer. Hierdie ruimte werk ingrypend in op sy lewe. Hy verloor nie net sy ou identiteit nie, maar moet ook sy besittings wat nog deel is van sy eerste ruimte afstaan. Boonop moet hy 'n nuwe identiteit aanneem en hy word gedwing om op die balke te werk. Die Bos word beeld van sy emosionele en geestelike vasgevangenheid. Hy vrees nie net die Bos nie, maar weet ook nadat hy eenmaal weggeloop het, dat die Bos 'n gevangenis is waaruit jy nie maklik kom nie. Wanneer hy later as volwasse man noodgedwonge in die Bos moet bly totdat Kristoffel terugkom huis toe, voel die laaste twee dae daar vir hom "soos die laaste uitdien van tronktyd" (p. 283). Die derde geografiese ruimte, die see, betree Lukas uit vrye keuse. Met sy toetrede tot hierdie ruimte is hy deeglik daarvan bewus dat hy besig is om 'n vreemde koers in te slaan. Maar omdat dit vir hom 'n bevryding van die Bos beteken, is hy bereid om die pad te volg. Sy uitbeweeg na dié ruimte en sy liefde vir die see kom nie as 'n algehele verrassing nie, aangesien hy reeds as jong seun 'n begeerte na die see en skepe gehad het.

Lukas se gemoedstemming is ook in korrelasie met die ruimte waar hy beweeg. Wanneer Lukas se stryd oor sy ware identiteit op sy hewigste in hom woed, vind dit weerklank in die storm op see en in die Bos:

"Dit was of hy deur 'n stormsee van slingerende, krakende, windverdraaide bome en bosse loop en by tye was dit of die wind sy krag teen elke stam en tak en wortel meet en óók teen hom" (p. 299). Die emosies wat in hom woed nadat Barta met die waarheid omtrent sy herkoms vorendag gekom het, figureer ook in die storm daarbuite:

"Net die wind en die reën en die Bos se geraas was werklikheid. Die res was woede en verwarring en flenters onthou wat agter hom aangeduiwel het" (p. 303). Dit is eers wanneer hy sekerheid omtrent homself het en die storm in hom bedaar het, dat die son weer deurbreek.

Die ruimte raak nie net vir Benjamin nie, maar ook vir Fiela. Die verwysing na die volstruise vind 'n korrelaat in Fiela se onrus oor Benjamin. Wanneer sy die gevaar loop om haar hanskind, Benjamin, te verloor, vind dit sy weerklank in die onwilligheid van die volstruise om te broei:

"Die wyfie het al vinniger gehol ... Skopper het in die middel van die kamp gestaan asof hy nie kon besluit of hy self ook aan die hol moes gaan en of hy haar daaruit moes baklei nie. Fiela het skielik nie omgegee wat hy doen nie. Sy wou vir Benjamin skree om die koppe in te hol en weg te kruip, maar haar mond wou nie oop nie en haar hart wou nie bedaar nie" (p. 45). Toe Fiela met die tyding kom dat hulle Benjamin vir goed verloor het, was daar geen teken van broeisheid onder die volstruise nie. "Skopper (het) langnek en reguit na haar toe gekyk. Aan sy skene of bek was nie 'n teken van rooiigheid nie. Die wyfie het agter hom gewei" (p. 134). Wanneer Benjamin as volwassene terugkeer na die Lange Kloof, val die eerste reën en die volstruise begin tekens van paar toon.

Dit blyk uiteindelik dat die ruimte nie bloot as agtergrond vir die gebeure dien nie, maar dat dit 'n integrale deel van die karakters se optrede en emosies vorm.

(20)
[30]

## VRAAG 13
## KONTEKSTUEEL
## KRINGE IN 'N BOS

13.1. - Dit trek en behou die leser se aandag / beklemtoning
- Dit bou en behou spanning. (2)

13.2.1. - Maska en Saul het sy lewe lank 'n vertrouensverhouding gedeel;
- Maska is Saul se hart-broer;
- Maska het respek vir Saul – word hulp, vertroueling, broer;
- Net soos Saul, is Maska ook beskermer van die Bos. (2)

13.2.2. - Oupoot is Saul se dier-broer;
- Wou hom die vernedering spaar deur hom self te skiet;
- Besondere verhouding tussen Oupoot en Saul. (2)

13.3.1. Sy begeerte om die Bos gesond te kry. Houtkapper moet opgehef word.
13.3.2. MacDonald hou hom weg van Kate (sy droom). / Bloubokkie se gal / Bos versus die dorp
13.3.3. Oupoot – droomolifant van kindertyd word doodgeskiet / word nie met sy pa verenig nie.
13.3.4. Hy en Kate se droomliefde blom aan die einde van die roman / word meubelmaker / Het homself opgehef / het houtkappers opgehef. (4)

13.4. leier / hoof / vaderfiguur (1)

13.5. Die besondere band tussen Oupoot en Saul was amper bo-natuurlik. Hulle het mekaar verstaan. (2)

13.6. - Leefplek waarin en waarteen karakters en diere optree;
- Is die allesoorheersende en saambindende mag in die verhaal;
- Belangrike invloed van Bos op Saul se lewe;
- Eienaam – personifiseer die Bos (2)

13.7. Oupoot word daarvan beskuldig dat hy Jozef se seun doodgetrap het. (1)

13.8. verwaarlosing / vernietiging (1)

13.9. Saul voel die diere moet weens ouderdom sterf, nie aan koeëls nie / Olifante moet weens natuurlike oorsake (redes) sterf. (1)

**[18]**

13.10. - magteloosheid
- blindelings (2)

13.11. olifante (grootvoete) (1)

13.12. behoort (1)

13.13. daar het net stompe oorgebly / lyk nou soos 'n begraafplaas (1)

13.14. r.8 – 9 ; r.11 – 12
"Jy sal vir hulle staan en keer, maar nie vir ons nie, né?"

"Hoekom loop word jy nie een van Harrison se onnosel spaais nie?" (2)

13.15. naïef / liggelowig / tradisievas / kortsigtigheid (1)

13.16. "sy oë was wild" (1)

13.17. Sy pa het hom weggejaag / Verwydering tussen Saul en sy gesin / Hy het homself as mens gevind / Hy het vir Kate beter leer ken. (1)

13.18. Hy het weggebreek uit die skewe sirkel van die bosbestaan en het volwaardig mens geword, toe hy deur gouddelwery onafhanklik (ryk) geword het. (2)

[30]

## VRAAG 14
## PARAGRAAFTIPE
## KRINGE IN 'n BOS

14.1

- Saul gebore in die "hart" van die Bos – onder 'n wit els. Leer ken Bos se blare en bome (baie goed geken). Leer ken watter struike/blare ens. goed vir medisyne is. Ook voëls ken hy baie goed. Leer gou spoor van bosbok en bloubokkie ken. Weet vroeg reeds van vrees vir olifante. Houtkappers se kinders moes Saul boomsoorte vroeg uitken, veral die nut van boomsoorte.

- Bewonders van die Bos leef en oorleef daar. Olifante was grootste gevaar, maar jy moes net onderkant die wind bly en jou oë oophou vir as die loerie gorrel of as takkie breek, da moet jy grootste en sterkste boom klim! Bos voorsien voedsel en beskutting. Kon selfs plant.

- Bos beteken egter ook afsondering, knegskap en ondergang (moeilik om hiervan te ontsnap). Weet nie juis veel van die dorp af nie. MacDonald beheer bosmense se lewens deur slemheid. Joram dink verkeerdelik dat hulle nie anders kan as om houtkappers te wees nie. Saul breek deur isolasie wanneer hy vir MacDonald gaan werk en later wegbreek.

- Saul is enigste bosmens wat olifant en boom wil beskerm. Olifane hoort in die Bos en moet nie uitgeroei word nie – so ook die bome. Hy is enigste houtkapper wat sien Bos word verniel. Saul beskerm bos later teen delwers.

- Toe goud ontdek word in die Bos, veroorsaak dit 'n stormloop wat die Bos op ander manier vernietig. Saul reken die goud behoort aan die Bosmense, nie die Engelse nie. Goud kan die bosmens weer onafhanklik van MacDonald en sy tipe maak. (20)

14.2

- Saul beskermer van die bos. Opstand teen houtkappers wat Bos vernieting. Josef jaag Saul weg en Josef wil niks met hom te doen hê nie. Houtkappers beskou Saul as uitverkoper. Vertrou hom nie meer nie. Saul besef MacDonald is skelm en konfronteer hom hieroor.

- Wanneer goud ontdek word, moet Saul weer keer dat die Bos nie totaal vernietig word nie. Wil aan gouddelwers bewys as daar goud is, hoort dit aan die houtkappers. Besef dat goud onafhanklikheid vir houtkappers sal beteken. Saul raak 'n sprekende voorbeeld van hierdie geloof.

- Saul bots met MacDonald omdat lg. sy pa soos 'n wurm behandel. Gaan werk agterna vir MacDonald, maar hou hom op 'n afstand. Kate se belangstelling in hom vererger verhouding met MacDonald. MacDonald beledig hom en sy familie, sien neer op houtkappers. Saul moet egter onder MacDonald se mag buig en gee pad van Knysna (en Kate) af. (10)

[30]

## VRAAG 15
## KONTEKSTUEEL

**TOORBERG**

15.1 - Hy verbind die familiegeskeidenis en geslagte om kontinuïteit te verseker. (2)
- Bou en behou spanning. (2)

15.2 - Floors en sy Skaamgesin (-familie) – trou oor kleurgrens – moes eenkant weg van die "opregte" Moolmans gaan bly het. (2)

15.3 Hy't gekom om Druppeltjie Dupisani se dood te ondersoek. (1)

15.4 Toorberg en sy mense het nog altyd 'n manier gevind om met dié wat verkeerd gehandel (het) of afgedwaal het, af te reken. (1)

15.5 Kaatjie Danster: afstammeling van Floors
Floors – Trou oor kleurgrens
Andreas – Gedig vir Engelse, belet uit plaas
Lucius – Kon nie plaas erf nie – kan nie bloed staan nie. (2)

15.6 Die verhaalgebeure grens aan onmoontlikheid/onwerklikheid. Toorberg grens aan misterie of skimagtigheid. (2)

15.7 As 'n geregsdienaar behoort hy die spreekwoordelike lang arm van die gereg te hê, maar inteendeel het hy 'n stompie (vir 'n arm). (2)

15.8 sweep (1)

15.9 Magistraat is rustig; OuAbel ongeduldig en haastig. (2)

15.10 OuAbel se graf. (1)

15.11 Die magistraat is nie opgewasse vir die taak wat hy moet doen nie. (2)

15.12 Die stam het nog altyd respek afgedwing en word beskou as ietwat verhewe bo die res van die gemeenskap, selfs (bo) die gereg. (2)

15.13 Sy vader het in 'n ontploffing omgekom – sy liggaam was nooit gevind nie, net die vingerbeentjie met sy ring aan. (2)

15.13 - Albei was mank en lief vir boeke
- Magistraat is die reïnkarnasie van De la Rey. (2)

15.14 De la Rey is een van die verworpe lede van die stam wat nie sy erfdeel kon opneem nie, a.g.v. sy (vleis/slag) swakheid. Hy kom "terug" om almal se sondes aan hulle te openbaar. (2)

15.16 Nee. Hy het later so vertroud met die familie geraak en die omgewing het sy oordeelsvermoë heeltemal belemmer – hy kon nie meer objektief wees nie. (2)

[30]

## VRAAG 16
## PARAGRAAFTIPE

16.1 Magistraat is 'n terughoudende eensame mens, 'n totale buitestaander in die distrik. Hy ervaar dié omgewing as stug. Sy briewe aan sy gestorwe vrou bedoel hy wil gesels. Die breiwe is 'n uiting van sy persoonlike gedagtes – sy persoonlikheid word hierdeur gemotiveer, asook sy persoonlike ervaring van sy geregtelike ondersoek.

Hy kom tot die insig dat die briewe hom en sy vrou een maak, dus is die briewe ook aan homself gerig. Die briewe bring groeiende selfkennis mee, maar ook 'n gevoel van mislukking. Hy raak toenemend by die Moolmans van Toorberg betrokke. Hy begin dus twyfel aan sy reg om voort te gaan met die ondersoek. Hy erken uiteindelk dat hy nie die reg het nie. Uiteindelik bepleit hy die reg, en spreek dit nie meer nie.

Die boormasjien soek na water net soos die magistraat na die waarheid soek. Die boormasjien was die begin van alle ellende op Toorberg, net soos die magistraat weer ou dinge kom lostorring het. Die boormasjien en die magistraat het albei veroorsaak dat die dooies weer Toorberg bespook.

Die boormasjien word gestop na Druppeltjie se dood – die magistraat se ondersoek stop na Abel se dood. Na die ongeluk haal Abel die boormasjien uitmekaar en begrawe dit sodat daar nêrens roes op die stukke te sien is nie. Die magistraat word op dieselfde wyse begrawe: sy simboliese arm van die gereg kon, soos die boormasjien, nie by die water uitkom nie. Soos die boormasjien word hy onskadelik gemaak, want hy moet sonder 'n verslag terugkeer huis toe. (20)

16.2 Dooieveld – dis dié deel van die plaas wat as "giftig" beskou word. Stan Abel het amper van die koors daar omgekom. Niks wil groei nie en die vee loop verby dié grond.

Hartseerland – dié grond breek elke man se moed.

Stiefmoolmans op die rand van Toorberg – Hulle is verstote: weg kan hulle nie kom nie, maar deel van Toorberg is hulle ook nie. Die skeiding gee aanleiding tot verbittering en verbod wat sorg dat ander nooit weer op Toorberg kom nie.

Stiefveld (Skaamfamilie) – A.g.v. trou oor kleurgrens, word die Moolmans eenkant geskuif en grond beloof waarop hulle 100 jaar mag bly. Ook hier is tekens van opstand en bitterheid, selfs geweld. Dis 'n tipe van rasseskeiding binne eie geledere. (10)

[30]

**TOTAAL VIR AFDELING C: [30]**

**TOTAAL: 100**